# menlo-insig

27/2023

## LIEWE MENLO

Die eerste jakarandas laat 'n mens onwillekeurig aan eksamen, punte en prestasie dink. Oktobermaand is die tyd wanneer ons op die jaar reflekteer en besluit of ons tevrede is met wat daar vermag is. Trofeë word gepoleer, drukkers produseer sertifikate teen supersoniese spoed en nuwe balkies pryk op baadjies. Ons eie prestasie word in perspektief geplaas en dit is hierdie skielike konfrontasie met die werklikheid wat soms aan die selfbeeld krap óf 'n gevoel van genoegdoening wek.

Daar word gesê dat nederigheid die fondasie van alle deugde is; nederigheid wat ons herinner hoeveel ons nog moet groei om die mens te wees wat ons kan wees.

Skool is 'n voorskou van die lewe en hoewel ons nie ons identiteit in prestasie vind nie, verklap dit wat ons op die skoolbanke bereik tog iets van ons karakter. Die prestasies wat die skool in hierdie tyd dankbaar en nederig vier, getuig van vasberadenheid en ywer… Eienskappe waarsonder 'n mens nie sukses kan behaal nie. Daarom loop die skool breëbors oor elke merkwaardige Parkie-prestasie, maar ons is selfs trotser op die verhale agter hierdie prestasies.

As opvoedkundige instansie moet ons onsself afvra of die Parkies die regte gereedskap ontvang in die tyd wat hulle hier op Menlo-bodem spandeer.

By Die Hoërskool Menlopark triomfeer potensiaal oor prestasie. Daarom wens die Insig elkeen wat met hulle prestasies nader aan die verwesenliking van hulle potensiaal kom van harte geluk. Baie dankie aan elke ouer wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van ons kinders se karakter lewer – dit is van onskatbare waarde.

Prysuitdelingsgeleenthede vier nie net die sukses van ons leerders nie, maar ook die onwrikbare toewyding van die Menlo-personeel. Mag ons altyd onthou dat wat ons is net genade is en wat ons het net geleen is.

Die uitdaging wat nou aan elke Parkie gestel word, is om die wêreld te verander deur jou talent uit te leen en die pad na die verwesenliking van jou potensiaal met integriteit, lojaliteit, ywer en respek te stap.

Dit is 'n voorreg om 'n ooggetuite van hierdie proses te wees!

Excelsa Petamus!



# DAGBOEK

**20/10**

Atletiek: NWU Top 30 (Potchefstroom)
Muurbal: Tuks Interskolereeks
Akademie: Franse-aand (Saal, 16:00 – 20:30)

**23/10**

Gr. 12-kerkafsluiting en eksamenreëlings

**24/10**

Somereksamen begin (Gr. 10 – 12)
Volg die skakel na die eksamenrooster.

**26/10**

Drama: Prysuitdeling

## Die begrotingsproses begin! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2024-begroting goed te keur, begin binnekort.

Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 7 November 2023**
**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit.

Enige vrae en besprekings word verwelkom.

Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

**Dinsdag, 21 November 2022**
**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2024 deur middel van 'n stemproses goed te keur.

# MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind.*

**Psalm 121:7**

Die Here sal jou bewaar teen alle gevaar. Jou lewe sal hy beskerm.




# MUSIEK

## Menlo-musici beïndruk

Hartlik geluk aan die volgende Parkies wat met uitstekende uitslae spog:

Clarise Janse van Rensburg
Klavier (ABRSM) Gr. 7 88% (met lof)

Ané van Dyk
Klavierduet (A-arts-kompetisie) Trofee: Beste duet





# AKADEMIE

## Op reis na die toekoms

Die matrieks is vandeesweek in hulle spore gestuit en tot 'n oomblik van stilsit gedwing om op hulle skoolloopbane te reflekteer. Vir twaalf jaar al trap hulle diep akademiese spore. Nou staan hulle op die drumpel van 'n nuwe reis om in die spore van uitvinders, ontdekkers en entrepreneurs te volg en om nuwe spore in die grootmenswêreld uit te kerf.

Dit was vir die skool 'n voorreg om vir oulaas, by die Graad 12-toekenningsaand, by hierdie groep se akademiese prestasies te vertoef en terug te kyk na die landmerke tussen graad 1 en graad 12.

Baie dankie aan me. Tanya Matthysen en haar bekwame span wat aan die stuur van sake by hierdie stylvolle geleentheid was en sterkte aan elke matrikulant wat gereedmaak vir hulle reis na volwassenheid.

### Hier volg 'n opsomming van die aand se hoogtepunte:

127 leerders spog met 'n gemiddeld van 75% en meer.

### Spesiale toekennings

100%-skoolbesoek — Nastasya Brink, Roelf Minnaar, Rayhan Ounaceur & Milandri Schutte

Beste prestasie van gr. 8 – 12 — Sheliza de Wet (96.72%)

Laureatus: Agt vakke — Niencke Bloem (93.25%)

Laureatus: Nege vakke — Sheliza de Wet (94,67%)

Tweede Beste Prestasie (gr. 12) — Sheliza de Wet (96%)

Dux-leerder: Akademie — Dannhauser van der Merwe (96.14%)

Dux-leerder: Veelsydigste dogter — Sheliza de Wet

Dux-leerder: Veelsydigste seun — Dannhauser van der Merwe

Top-20-leerders

1. Dannhauser van der Merwe (96.14%); 2. Sheliza de Wet; 3. Mikal Venter; 4. Niencke Bloem; 5. Erasel Boer; 6. Luca du Plessis; 7. Talita Engelbrecht; 8. Monique van der Merwe; 9. Lilan Swanepoel; 10. Karlien Lambrechts; 11. Milandri Schutte en Reghardt van Biljon; 13. Micaela Maas; 14. Lamari Wagener; 15. Gerard Jordaan en Kiara Geldenhuys; 17. Jadyn van Jaarsveld; 18. Shani Coetzee; 18. Mia van den Heever; 20. Janko Lubbe.













# AKADEMIE

## Kampusrooster: Hier braai ons werk!

### Teorie

Op Menlo-bodem word die gaping tussen die einde van die graad 12-sillabus en die begin van die eindeksamen met die kampusrooster oorbrug.

### Praktyk

Bykans 300 matrieks daag op 'n Saterdag (!) by die skool vir 360 minute se somme op en eerskomende Saterdag maak hulle weer so. Van Maandag tot Vrydag behels die kampusrooster dat die matrieks in gewone drag skool toe kom waar hulle 'n voorsmakie van die studentelewe kry.

Na 720 minute se Wiskunde en ure se afronding in die ander vakke voorspel die Insig dat geen Menlo-matrikulant hoofbrekens in die eindeksamen sal ervaar nie.

### Resultaat

Die Insig het betroubaar van die matrieks verneem dat die kampusrooster beslis voordelig vir hulle eksamen-voorbereiding is.

Die matrieks het met 'n vonkel in die oog versoek dat woorde soos geniet en pret liefs uit die berig weggelaat word en hoewel die matrieks verkies om hulle vleis op 'n ander rooster te braai, is die kampusrooster die gesel-ligste en leersaamste manier om matriek af te handel!

Baie dankie aan elke matrikulant en onderwyser wat hierdie gulde leergeleentheid met albei hande aangryp.

Sterkte met die voorbereiding vir die eksamen!



## GEES

### Lente met kleur en samesyn verwelkom

Op Menlo-bodem word die lente jaarliks met 'n lentetee gevier. Dit is tradisie dat hierdie geleentheid deur die voorsitter van die Matriekraad se sosiale komitee georganiseer word, terwyl die graad 9-dogters en hulle moeders as gasvrouens optree. Voordat jy verlede Saterdag, jakaranda, kon sê, het die gasvrouens lewe aan Ilme Taljaard se visie gegee en is die saal in 'n lentelushof van kleur en samesyn omskep.

Die pragtige Zetske van Pletzen, oud-Menloparker en aktrise, het haar ervaring van moederskap en vrouwees op 'n eerlike en humoristiese manier gedeel. Daarby het sy ook 'n paar praktiese wenke gegee wat die dames en dogters daagliks kan oefen om hulle te herinner dat elkeen goed genoeg is. Menlo se eie Kruisbandrevolusie het die dogters se harte vinniger laat klop, terwyl Rian Knoesen die gehoor met 'n komiese monoloog vermaak het.

Baie dankie aan Ilme Taljaard (Matriekraad), me. Eldien Bisschoff en elke gasvrou wat met haar bydrae meegewerk het om die saal in 'n lentetuin te omskep.









## SPOG

### Parkie presteer op ringbalbaan

'n Mens moenie die prestasie van Cindy-Lee Beyer geringskat nie, haar prestasie kan trouens deur 'n ring getrek word.

Daar is vir hierdie talentvolle graad 11-leerder geen tyd om te rinkink nie, want sy verkies om haar tyd op die ringbalbaan deur te bring.

Cindy-Lee het onlangs aan die nasionale ringbalkampioenskap deelgeneem en sodoende SA-kleure verwerf.

Welgedaan!



# SPORT

## Menloparkers is presteerders dit kan julle glo..

Hulle hou een maal per jaar 'n prysuitdeling en dan maak hulle so...

Menlo se sportspanne het die prestasies vanjaar behoorlik laat inrol en dit was verlede week tyd om die trofeë wat die spanne gedurende die seisoen verower het by die onderskeie toekenningsfunksies uit te deel.

Almal weet dat 'n toekenningsfunksie op Menlo-bodem 'n gesellige affêre is: Tafels word gedek om die Parkies se prestasies te vier, terwyl die ouers hartlik saamkuier. Die Insig lewer vandeesweek graag verslag oor die hoogtepunte van die onderskeie funksies wat reeds afgehandel is.

Hartlik geluk aan elke speler wat Menlo vanjaar op die veld verteenwoordig het asook die spelers wat toekennings ontvang het. Die afrigters verdien 'n pluimpie vir hulle bydrae tot Menlo se sportsukses. #DankieMenlo

### Netbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Eleanor du Toit |
| Junior speler van die jaar | Abby van Zijl |
| Senior speler van die jaar | Anke Nortjé |
| Veelsydigste speler | Karla du Plessis |
| Kaptein van die jaar | Megan Erasmus |

### Rugby

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Mnr. Dirk Odendaal<br>Mnr. Jaco Dames<br>Mnr. Royes Auret |
| Span van die jaar | o. 16A |
| Junior 7's-speler van die jaar | Dylan Stumke |
| Senior 7's-speler van die jaar | Ruben Fourie |
| Junior speler van die jaar | Leskin Samuels |
| Senior speler van die jaar | Jayden Fortuin |
| Menlo-speler van die jaar | Jayden Fortuin |

### Muurbal

| | |
|---|---|
| Organiseerder | Me. Liz Mackenzie |
| Funksiekoördineerder | Me. Nataly Swart |
| Menlo-kampioene | JD Smuts<br>& Demi Senekal |
| Graad 8-kampioene | Joseph Myers<br>& Dinique Booyens |
| Beste vordering | Leila Retief<br>& Christian Braak |
| SA top-10 | Riaan Agenbacht<br>en Joseph Myers |

















# KRIEKET







## T20-blitzkrieg: Menlo-mokermeesters stonk mededingers

In die stryd tussen die noorde en suide het Menlo hulle modus operandi sommer met die intrapslag verklap. Die Parkies sal in die finaal van die Noord-Suid-Toernooi speel en basta met die res. Die pad na die finaal was inderdaad met duwweltjies besaai, maar sodra jy begin kolf of boul, kom jy gou agter dat grys net 'n kleur is, dat goeie spel die ander spanne se lig uitdoof en dat dit nie wensdenkery is om 'n Noord-Suid-finalis te wees nie.

Die finaal was 'n goeie senuwee-oefenlopie vir Sondag se rugby, want die stryd teen Waterkloof was eweneens spannend. Eindelik, ten spyte van Tiaan Serfontein se uitstekende boulwerk, het Waterkloof die wedstryd naelskraap gewen. Baie geluk aan die spelers wat nie net puik spel opgedis het nie (kyk gerus na Steve Stolk se kolfbeurt teen AHS en Gerhard-Nico se boulsyfers in dieselfde wedstryd), maar ook bewys van hulle uithouvermoë gelewer het. Die afrigters verdien 'n pluimpie vir hulle bydraes en die Insig hoop dat die manne se senuwees genoegsaam herstel het om die volgende senutergende wedstryd te aanskou.

Hier volg die uitslae:

**Menlopark 1ste XI teen Grey High**
Grey High — 70 almal uit
Menlo — 73/0 (Steve Stolk 48*)
Menlo wen met 10 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen St. Andrews (Bloemfontein)**
St. Andrews — 200/8
Menlo — 201/7
Menlo wen met 3 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen SACS 1ste XI**
Menlo — 239/8 (Willem Sevenster 113)
SACS — 89 almal uit
Menlo wen met 150 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Affies 1ste XI**
Menlo — 245/2 (Steve Stolk 152*, Willem Sevenster 70)
Affies — 239/9 (Gerhard-Nico van Zyl 5/25)
Menlo wen met 6 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Grey Kollege 1ste XI**
(semifinaal)
Menlo — 179 almal uit (Steve Stolk 60)
Grey Kollege — 130 almal uit (Steve Stolk 4/22)
Menlo wen met 49 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Waterkloof 1ste XI (finaal)**
Waterkloof — 162 almal uit (Tiaan Serfontein 4/31)
Menlo — 151/9 (Wian van Deventer 51*)
Waterkloof wen met 11 lopies.

Elders het die skool oudergewoonte 'n goeie krieketweek agter die blad. Jan-Ernst Weilbach en Zander Serfontein het vir die o. 14B's uitgeblink, terwyl die manne van Centurion nie raad met André Kruyshaar se fantastiese kolfwerk gehad het nie. Hier volg die uitslae:

**Menlopark o. 14 B teen Zwartkop o. 14B**
Menlo — 158/2 (Jan-Ernst Weilbach 62*, Zander Serfontein 61*)
Zwartkop — 159/6 (Jeremai Nel 2/26, Lino Fouché 1/8)
Zwartkop wen met 4 paaltjies.

**Menlopark o. 14 C teen Oos-Moot o. 14B**
Oos-Moot — 137/6
Menlo — 138/7
Menlo wen met 3 paaltjies.

Menlopark 1ste XI teen Centurion 1ste XI
Menlo — 209 almal uit (James Bronkhorst 53, Marco Strydom 43)
Centurion — 101 almal uit (Gerhard-Nico van Zyl 5/16)
Menlo wen met 108 lopies.

**Menlopark 2de XI teen Centurion 2de XI**
Centurion — 99 almal uit (Murray Hofmeyr 5/34)
Menlo — 100/1 (Jan-Willem Pienaar 43*, Owen Louwies 24*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

**Menlopark o. 14's teen Paul Roos o. 14A**
Paul Roos — 144 almal uit (Heinrich Claassen 2/10)
Menlo — 145/7 (Juan Lombaard 59)
Menlo wen met 3 paaltjies.

**Menlopark 4de XI teen Centurion 4de XI**
Centurion — 207/4
Menlo — 208/2 (André Kruyshaar 112*, Dewan Muller 51*)
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen Prestige College 1ste XI**
Menlo — 211 almal uit (Gerhard-Nico van Zyl 46)
Prestige — 164 almal uit (Ewald Meyer 3/18, Gerhard-Nico van Zyl 3/41)
Menlo wen met 47 lopies.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
MENLO
Drama
www.menlopark.co.za
Oudisies: Drama
24 en 25 Oktober 2023
14:30 | Blou Teater
Kontak me. Van Blerk by die Blou Teater








DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80




DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 - 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 13:30 - 14:30
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081

# MARKPLEIN













## Woonstel te huur

Naby Menlo & Lynnies

Onmiddellik beskikbaar

Slaapkamers: 2 / Badkamer: 1

Dubbelmotorhuis / Patio / Groot tuin /

Oppervlak: 120 m² / Oopplanleefarea /

R10 000 per maand

**Kontak: 084 639 0214**